



Jesus Christus is die hoop vir die wêreld

Na elke Algemene Kerkvergadering is daar altyd groot verwagtinge, en dit is menslik. Ons hoop dinge sal ten goede verander. Somtyds staan ons teleurgesteld en verloor ons hoop, omdat ons omstandighede nie verbeter nie.

Ons weet almal dat daar nie maklike oplossings is vir die uitdagings wat die Hervormde Kerk in die gesig staar nie. Somtyds moet ons aanvaar dat daar nie oplossings is nie, omdat gebeure en omstandighede buite ons beheer is. Die verval van die platteland, demografiese veranderinge en die sosio-politieke krisis wat deur onbevoegde politieke leiers en amptenare veroorsaak word, kan nie deur die Hervormde Kerk beheer of verander word nie.

Ons het by 'n kruispunt in ons geskiedenis gekom. Omstandighede in ons pragtige land verander vinnig, met ingrypende gevolge vir die Kerk. Een gevolg van verandering, is die groot getal kleiner gemeentes in die NHKA. Die Kommissie sal noodwendig baie tyd en energie gebruik om na die welstand van gemeentes om te sien en te help met moeilike besluite. Die nuutverkose Kommissie van die AKV dra die belange van al die gemeentes van die Kerk op die hart, en is altyd beskikbaar om predikante en kerkrade met raad en advies te ondersteun.

Die eerste Algemene Kerkvergadering van die *Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuidelike Afrika* het in 1824 in Kaapstad byeengekom. Die Hervormde Kerk bestaan al vir 200 jaar in Suidelike Afrika. Deur die loop van twee eeue het die Kerk enorme uitdagings in die gesig gestaar: Die Groot Trek, twee Vryheidsoorloë, die Rebelle van 1914, die Groot Depressie van die 1930's, twee Wêreldoorloë, twee pandemies (1918 en 2020), grootskaalse armoede, hoë misdaadvlakke en die verlies aan politieke selfbeskikking is maar enkele van die traumatiese gebeure waardeur die lidmate van die Hervormde Kerk moes worstel. Deur al die traumatiese gebeure was die Hervormde Kerk altyd gereed om te getuig van die hoop wat in ons leef, dat Jesus Christus leef en regeer!

In 2024 herdenk ons 200 jaar van 'n selfstandige, sinodale vergadering in Suid-Afrika. Ek het 'n vermoede dat een van die groot uitdagings wat op ons wag, groter samewerking tussen reformatoriese kerke sal wees. Miskien sal die 200ste herdenking van die Eerste AKV as katalisator dien om na sinvolle modelle van samewerking te kyk.

Die Hervormde Kerk van 2022 leef te midde van grootskaalse verandering wat gekenmerk word deur enorme godsdienstige en sosio-politieke uitdagings. Ons leef in 'n tyd van uiterste kompleksiteit. Komplekse werklikhede vereis 'n genuanseerde en aanpasbare benadering tot uitdagings en probleemoplossing. Die Hervormde Kerk sal bepaalde aanpassings moet maak, selfs ingrypend verander. Een saak staan egter onveranderlik vas: ***In die Hervormde Kerk gaan dit om die evangelie van Jesus Christus. Die visie van die NHKA is: Jesus Christus is die hoop vir die wêreld!***

Ons moet weer leer om die taal van geloof en hoop te praat. Ons moet die mense van hierdie land met empatie ondersteun en hulle moed inpraat. Kom ons gaan verkondig dit met woord en daad aan mense wat sukkel om hoopvol te bly te midde van moeilike omstandighede. Dit is ons roeping as Kerk.

Prof Wim Dreyer
Voorsitter: Kommissie van die AKV

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed



Mnr Jim Fouché

- Ds MJ (Martin) Fouché (Riebeeckstad/Virginia) se broer, **Jim Fouché** (74), oudskoolhoof (1998-2009) van Hoërskool Hoogenhout in Bethal en woonagtig op Ermelo, by ds SW (Schalk) Zastron in die gemeente, is Saterdag 15 Oktober oorlede na 'n beroerte kort voor die 73ste AKV. Sy **gedenkdien**s vind plaas op Vrydag 21 Oktober in Gemeente Ermelo. Ons innige simpatie gaan aan die familie.
- Ds MS (Marissa) Kidson van Pretoria-Wes se oupa, **Fanie van Zyl** (91), is Dinsdag 18 Oktober oorlede op haar ouma Babs (89) se verjaardag. Op 4 Oktober was hulle 70 jaar getroud. Hulle was jare lank lidmate van Groot Marico. Ons innige simpatie gaan aan ds Kidson en haar familie.
- **Mev CM (Tienie) Koekemoer** (96), weduwee van prof PJT (Theo) Koekemoer (oorlede 2014), se **gedenkdien**s vind plaas op Donderdag 20 Oktober om 10:00 vanuit Gemeente Oos-Moot in Collinslaan, Mōregloed, Pretoria. Sy is Woensdag 28 September oorlede. Sy was 'n suster van di Gert (oorlede 2010) en Willie (oorlede 2019) Roos. Ons innige simpatie gaan aan die familie.
- **Prof J (Johan) Buitendag** (emeritus) het Vrydag 14 Oktober by die Fuller Theological Seminary se Pasadena-kampus 'n lesing gelewer oor 'n ekoteologie wat wetenskaplik gefundeer en Bybelsgebaseer is. Prof Veli-Matti Kärkkäinen het daarna repliek gelewer. Besoek <https://www.fuller.edu> vir meer oor Fuller.



Mev Tienie Koekemoer

• Die volgende predikante verjaar tot 28 Oktober, en word hartlik geluk gewens:

- Vrydag 21 Oktober: Di JD (Jan) Grobler (73) (emeritus) en A (André) Steinmann (29) (Piet Potgieter)
- Dinsdag 25 Oktober: Ds CG (Chris) Liebenberg (53) (Hawke's Bay, Nieu-Seeland)
- Woensdag 26 Oktober: Di HSK (Hennie) Nel (62) (Potgietersrus), GSC (Skip) Scheepers (73) (emeritus) en JR (Robert) van Niekerk (32) (Noordelike Pretoria)
- Donderdag 27 Oktober: Di KF (Kathleen) Smith (62) (Kaapstad) en PM (Pieter) Smith (68) (emeritus)
- Vrydag 28 Oktober: Ds CEC (Colin) Hertzog (53) (Middelburg-Noord)

Gemeentes en bediening

- **Ds WA (Willem) Dreyer** (Delareyville) het die beroep na Groot Marico aanvaar. Hy word op 8 Januarie 2023 daar bevestig.
- **Ds L (Lynette) Lötter** (beroepafwagting) het 'n beroep na Goudveld ontvang. Sy het die beroep aanvaar en word op 30 Oktober 2022 daar bevestig.
- Die **Kerkargief in Pretoria** is van Maandag 10 Oktober tot Vrydag 28 Oktober 2022 vir alle navrae en navorsing gesluit. Navrae sal weer vanaf Maandag 31 Oktober hanteer kan word.
- **Gemeente Delareyville: 1922-2022**
100 jaar van genade
Saterdag 12 November:
Boeresport 15:00; dans en spitbraai 18:00; kamp by die kerk
Sondag 13 November:
Erediens en Nagmaal 11:00; klipstapeling 12:30; vingerete 13:00
RSVP voor 1 November by:
Kerkkantoor 053 948 1992 / Ds Willem Dreyer 082 466 5516 / NHSV 072 153 7444



Ds Willem Dreyer



Ds Lynette Lötter



50 FEES NHK Swartkop

Graag nooi ons alle oudlidmate uit na die erediens en spesiale dooorgeleentheid ter viering van Gemeente Swartkop se 50-jarige bestaan.

6 NOVEMBER | 08:30
Irelandlaan 107, Centurion

Bevestig asb u teenwoordigheid by Frits Zanoli 082 866 4009/fritszeicloud.com

- **WERKRUIMTE VIR DEELTYDSE BEDIENING: GEMEENTES VRYHEID EN UTRECHT.** Na die vertrek van ds JH Kay het hierdie werkruimte vakant geraak. Hiermee word die werkruimte bekendgestel en belangstellende predikante versoek om kennis te neem en met dr Piet Steenkamp in verbinding te tree.

Aard en omvang. Van die predikant word verwag om die werkruimte vir **nege dae per maand** te beset. **Huisvesting** vir die periode word voorsien in 'n toegeruste woonstel in die skoolkoshuis in **Vryheid**. Etes is ingesluit. Van die predikant word verwag om op 'n Vrydag na Vryheid te reis en **eredienste in Utrecht en Vryheid** te lei. Gedurende die week tussen die twee Sondae sal die predikant in Vryheid 'n pastorale funksie verrig, veral gefokus op lidmate van die gemeente wat kerklos geraak het. Eredienste sal ook op die tweede Sondag in albei gemeentes gelei word. Indien daar 'n behoefte in Utrecht bestaan, sal van die persoon verwag word om ook in Utrecht pastorale werk te verrig.

Utrecht. Die gemeente bestaan uit ongeveer 17 aktiewe lidmate, waarvan die meerderheid bo 60 jaar oud is. Utrecht se kerkraad verwag slegs eredienste, en indien dit nodig is en daar 'n spesifieke behoefte bestaan, sal van die predikant verwag word om pastorale aandag aan dringende nood te verleen.

Vryheid. Die gemeente bestaan uit ongeveer 60 lidmate, waarvan die meerderheid ook bo 60 jaar oud is. Die kerkraad van Vryheid verwag van die predikant om eredienste te lei en om gedurende die week lidmate wat as gevolg van die vertrek van ds Kay kerklos geraak het, te besoek met die doel om hulle weer aktief by die gemeente in te skakel.

Eredienstye. Utrecht 08:00; Vryheid 10:00. Albei kerkrade verwag van die predikant om goed gefundeerde preke aan te bied wat motiverend en leersaam van aard is. Die verwagting is ook om die liturgie in te rig binne die raamwerk van die NHKA se beskouing van die erediens as viering van God se genade.

Gesprek. Die kerkrade van die gemeentes en die Ringskommissie van Noordelike Natal sal 'n voorafgesprek met elke belangstellende persoon voer.

Die predikant sal in albei gemeentes bevestig word.

Oorsig en evaluasie van werksaamhede. Die werksaamhede van die predikant sal sesmaandeliks geëvalueer word ten einde die sinvolheid van die bediening te oorweeg en om vas te stel of positiewe uitkomst bereik word. Die kerkrade van die gemeentes sal in oorleg met die Ringskommissie sodanige evaluering onderneem.

Vergoeding. Die predikant sal vergoed word deur 'n enkele kontantbedrag te voorsien wat deur albei gemeentes en die Ringskommissie bekostig sal word. Die vergoeding word vasgestel binne die raamwerk van finansiële bekostigbaarheid van die drie vennote wat die fondse voorsien.

Navrae kan gerig word aan dr Piet Steenkamp by 082 789 1398.

Bystand aan besighede met die volgende:

- Kubersekuriteit (insluitend stelselinfiltrasietoetsing)
- Persoonlike datasekuriteitskontroles (POPIA en GDPR)
- SOC 2-oudits
- ISO-implementerings
- Besigheids-, IT- en kuberrisiko-analises
- Dataontledings
- Toekomsbeplanning: Scenario-ontledings en strategiebeplanning

+27(0) 82 570 9478

info@futura.international

www.futura.international

LinkedIn: <https://www.linkedin.com/company/futura-international/>

Vergaderings

- Donderdag 20 Oktober: Rata Finkom
- Woensdag 26 Oktober: Kuratorium
- Donderdag 27 Oktober: Ons Tuis Direksie
ADV Dagbestuur

Kerklike publikasies




- In die **Oktober 2022-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** deel **ds Hannelie Botha** in haar redaksioneel die vele gebeurtenisse waarmee *Oktober* geassosieer word in die kerk en daarbuite. Sy gee vir ons in haar tweede artikel, in samewerking met **prof Tanya van Wyk en dr Annelie Botha**, 'n blik op die loopbane van *Ons vrouedosente in teologie*. In samewerking met **Dominic Chadbon**, beskryf ds Hannelie die *Fynbos* wat in die Kaap voorkom en vertel sy hoekom fynbos so wyd bestudeer word, en watter plantspesies dit bevat. Ons sluit hierdie uitgawe af met foto's van die NHSV byeenkomste van Rustenburgstreek en Vaalrivierstreek. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

- **Prof Natie van Wyk** se boek *Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte* sal binnekort weer beskikbaar wees in 'n tweede druk. Hierdie hardebandboek kan by hom bestel word teen R575 (die uitgewersprys is meer as R800). Belangstellendes moet vir hom 'n WhatsApp stuur by 082 448 4759 of 'n e-pos na natievanwyk123@gmail.com.

- **Spesiale aanbod van die Bybelgenootskap:** Die Afrikaanse mediumgrootte Bybel (2020-vertaling) met swart hardeband is nou **beskikbaar teen R99 (posgeld/aflewering uitgesluit)**. Die normale prys is R149. Die aanbod is geldig vanaf 1 Oktober 2022 tot 31 Januarie 2023 solank voorraad hou. Hierdie Bybel bevat kruisverwysings, voetnotas, 'n woordelys en kaarte. Kontak die verkoopsvertegenwoordiger of 076 415 1752 (WhatsApp), of stuur 'n e-pos na orders@booksite.co.za.

- **My 3de Bybel Doen en Leer Boek** is die derde vlak in die **Bybelgebaseerde geleterdheidsreeks**. Spesiale kenmerke: Ses Bybelverhale met kleurvolle illustrasies (112 bladsye); verskeie lyntekeninge, ideaal vir inkleur; wiskunde- en taalaktiwiteite na elke storie; disleksie-vriendelik. Hierdie boekie is sagteband. Plaas gerus nou bestellings teen **R50 per eksemplaar** (versending uitgesluit) by boekwinkel@nhk.co.za.

- Die **Kerkkalender vir 2023** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is nou **hier** op die Kerk se webblad beskikbaar. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.



Bybelgenootskap

- **Poste beskikbaar vir Deeltydse Ambassadeurs in die BSA se Noordelike Streek (ou Transvaal-gebied).**

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se missie is om bekostigbare Bybels in al die tale van die mense van Suid-Afrika beskikbaar te stel. Die BSA is een van 150 Bybelgenootskappe in die wêreld. Daar bestaan 'n lang en noue vennootskap tussen die BSA en die NHKA. Die uitkoms van die proses van herstrukturering in die BSA was onder andere dat die voltydse organiserende sekretarisse vervang word met deeltydse ambassadeurs.

Posbeskrywing

Die pos is daarop gemik om die verhouding van die BSA met gemeentes van die NHKA in stand te hou en te versterk. Van die persoon word verwag om ten minste twee dae (16 uur) per week aan die werk van die BSA af te staan. Dit sluit in twee besoeke per maand aan gemeentes op Sondae, die bywoon van ringsvergaderings, betrokkenheid by fondsinsamelingsprojekte, en die uitbreiding van die Kerk se donateursbasis. Die persoon werk van die huis af. Aan die pos is 'n vergoeding van ten minste R18 000 per maand gekoppel, met die moontlikheid van verhoging namate die pos uitbrei.

Die inkomste vanuit die NHKA maak voorsiening dat twee deeltydse ambassadeurs namens die Kerk in die Noordelike Streek van die BSA aangestel kan word.

Posvereistes

- Gelegitimeerde predikant van die NHKA jonger as 65 jaar.
- Kennis van en betrokkenheid by die vennootskap tussen die Kerk en die BSA.
- Goeie kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels.
- Goeie menseverhoudings.
- Goeie organisasievermoë en leierskapsvaardighede.
- Positiewe gesindheid teenoor en kennis van die werk van die BSA.
- Kreatiewe denke en vaardighede.

Die aanstellings word gemaak deur die BSA in samewerking met die Kommissie van die AKV van die NHKA. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober 2022** en diensaanvaarding geskied op 1 Januarie 2023 of so gou moontlik daarna. Die reg word voorbehou om nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.

Aansoeke moet vergesel word van 'n kort CV en motivering waarin aansoekers aandui hoe daar aan die posbeskrywing en posvereistes voldoen word, en kan gestuur word na lindeque@biblesociety.co.za.

Transoranje Instituut (TOIBO)

- **VAKATURE: Uitvoerende Beampte (Voltyds)**, met standplaas Hillcrest, Pretoria.

Rapporteringskanaal: Voorsitter van TOIBO.

Doel van die pos: Die bestuur van 'n nie-winsgewende organisasie verantwoordelik vir die insameling van fondse ter ondersteuning van vyf skole vir kinders met spesiale onderwysbehoefes.

Vereistes: Senior Sertifikaat, verkieslik met Rekeningkunde; bewese rekenaarvaardigheid in Word, Excel, PowerPoint, Outlook en Facebook; minstens 10 jaar ervaring in skakeling, bemaking en fondswerwing; en ondervinding in finansiële bestuur en administrasie, asook kantooradministrasie en logistiek.

Posbeskrywing

Sekretarieleel: Skedulering, voorbereiding, sakelyste, notulering en gepaste opvolging van alle geskeduleerde en ad hoc-vergaderings met interne en eksterne partye.

Administratiewe bestuur: Liasseerstelsel en rekordhouding; bestuur van die argiefstelsel; verslagdoening op verskillende vlakke en in verskillende formate; bestuur van toepaslike inligtingstegnologie; byhou van registers; bestuur van ooreenkomste en kontrakte; en rugsteun van data.

Logistieke bestuur: Bestuur van die inventaris van alle roerende bates; kantooronderhoud; en aankope en verrekening van gebruikersitems.

Finansiële bestuur: Opstel van die begroting en toepassing van begrotingsbeheer; bestuur van die beleggingsportefeulje; en opstel van bestuursinligting vir besluitneming.

Administrasie: Byhou van die totale boekhoustelsel op 'n Pastel-gebaseerde databasis; en voorbereiding en voorlegging van state vir jaarlikse ouditprosedure.

Fondswerwing: Jaarlikse opdatering en implementering van 'n fondswerwingsplan om bestaande donateurs te behou en nuwe donateurs te werf, met die klem op die drie hoofbronne: die drie Afrikaanse susterkerke; die privaatsektor; en ander instansies.

Eksterne skakeling: Professionele formele en informele skakeling, asook instandhouding en bou van verhoudings met alle belanghebbendes. Dit kan beplan of ad hoc wees, met die fokus op die vyf Instituutskole; en rolspelers binne die kerklike organisasies.

Die salarispakket is onderhandelbaar. Belangstellendes word genooi om in 'n skrywe te motiveer waarom hulle aansoek doen, asook hul gepastheid vir die spesifieke pos uiteen te sit. Die skrywe moet vergesel wees van 'n curriculum vitae met **drie verwysings**, asook bewys van enige toepaslike kursusse, kwalifikasies en rekenaarvaardigheid. Aansoeke moet per e-pos gestuur word aan mev Arina Jooste by toibo@imagnet.co.za teen **nie later nie as 21 Oktober 2022**. **Slegs aansoekers op die kortlys** sal genader word vir 'n onderhoud.

'n Gedig

irina se klavier

kiëf, oekraïne

op haar wit vleuelklavier
speel die vrou 'n laaste
vertolking van chopin –

terwyl die bomme buite
chaos en verwoesting saai
word ook háár huis meteens
begrawe onder as en puin

al wat heel en regop staan
is dié klavier en haar vingers
dans vir oulaas nootvas
asof sy hoog bo ontploffings
van geweld en pyn kan styg

voordat sy vervaart moet vlug
die onbekende begrensing in
met 'n rugsak en haar kind

met hande stiller opgevou
as troos om die melodie in
haar verstrooiing te onthou

Marlise Joubert
(Versindaba Maart 2022)

Studentesake


- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na stellenbosch@nhk.co.za vir meer inligting.

Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

Barmhartigheid

- **Athalia Uitrek in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede
Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deekamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
Eenslaapkamer: R515 000
1½-slaapkamer: R520 000
Tweeslaapkamer: R560 000
Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

'n Gebed vir ons boeregemeenskap

Almagtige God,
u Seun Jesus Christus is die Goeie Herder van die skape.
Ons bid nou vir ons boere,
wat hul lewens daaraan wy om hul diere te versorg,
en wie se oorlewing afhang van die diere in hul sorg.
In hierdie krisistyd in die lewens van ons boeregemeenskap,
dink ons aan die lewensverliese van mens en dier,
die droogtes, die brande.
Ons smeek U dat in u Voorsienigheid
die son sal skyn,
die reën sal uitsak
en die gras sal groei,
sodat u skepsels gevoed sal word.
Ons dank U vir gemeenskappe wat mekaar ondersteun,
hul gewilligheid om praktiese hulp te verleen,
en die uitreik van mens na mens.
Ons bid dit alles in die Naam van ons Heer, Jesus Christus.

Church of Ireland

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

*** Sondag 23 Oktober vier die NHKA
Dankdag vir die Oes en
Biddag vir die Gesaaides

